

22 September

Skrifgedeelte: Hebreërs 4:14-16

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 19

Die vrug van Jesus se twee nature

Wie die parlement in Kaapstad betree word getref deur die waardigheid en die geskiedkundigheid daarvan. Hier het die groot leiers van ons land vergader. Hier is die debatte gevoer en het die besluite geval. Dit is of jy die stemme nog hoor.

Hoeveel te meer is God se raadsaal 'n ontsagwekkende plek! Dit is die plek waar God self in glorie en majesteit regeer. Johannes beskryf dit as 'n plek van juweelglans en magtige wesens. "Weerligstrale, dreunings en donderslae" kom van God se troon af en engele haas hulle om sy opdragte uit te voer. In God se troonkamer skitter sy heiligheid só dat dit dag en nag besing word (Open 4).

Dink bietjie: In hierdie wonderlike en heilige troonkamer mag JY ingaan! Jesus Christus het hierdie voorreg vir jou verdien. Hy het MEDE-LYE met jou swakhede gehad (vers 15). Dit beteken Hy het alles wat jou uit God se troonkamer kan uithou, gedra en oorwin. Dit bestaan nie meer voor God nie! Deur in alle opsigte mens te word, maar nie te sondig nie, het Jesus – God én mens – die pad deur die hemel oopgemaak na God se troon toe (vers 14).

Nou staan die deure van God se raadsaal oop vir almal wat deur geloof aan Jesus Christus verbind is. Nou kan jy in daardie skitterende plek ingaan, na die troon toe. By die troon vind jy nie veroordeling nie, maar die troon is nou vir jou "die genadetroon" (vers 16).

Wat jy ook al vandag nodig het, genade, barmhartigheid, wysheid, gawes of middele; neem vrymoedigheid om te gaan vra by dié plek waar alle beslissings val! Kyk, God staan gereed om sy kinders op die regte tyd en in elke omstandigheid te red (vers 16).

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~